



Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
 Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Wiskunde 2 – Graad 5

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	<input type="checkbox"/>	d
----	---	---	--------------------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	-------------------------------------	-------------------------------------	---

<p><i>Nuttige wenk:- Wanneer jy getalsinne het wat verskillende bewerkings gebruik, pas die reël van HADVOA toe, wat die volgorde van bewerkings is:- Eerstens, bereken dit wat tussen Hakies is, dan Ander (vierkantwortels, mag van, ens.), dan Deel en Vermenigvuldig (van links na regs omdat hulle gelykstaande is), en dan laastens, Optel en Aftrek (ook van links na regs).</i></p>	<p>• Toe hy die pizza restaurant verlaat, het Anthony 25 pizzas gehad om af te lewer. • By sy eerste stop het hy vyf pizzas afgelewer. • By sy tweede stop het hy die helfte van die oorblywende pizzas afgelewer. • Hierna lewer hy een pizza per stop af.</p>
<p>1. Wat is die waarde van die onderstreepte syfer? 5<u>3</u>8 564 (a) 3 000 (b) 30 000 (c) 300 000 (d) 30</p>	<p>8. Hoeveel stoppe het Anthony gemaak om 25 pizzas af te lewer? (a) 3 (b) 10 (c) 12 (d) 20</p>
<p>2. Ses duisende = tiene. (a) 60 (b) 6 (c) 6 000 (d) 600</p>	<p>• Elke uur styg 17 of 18 vliegtuie op van O.R. Tambo Lughawe. • Elke vliegtuig kan 237 passasiers vervoer.</p>
<p>3. Watter getal het 5 honderde, 4 meer tiene as honderde en 3 minder ene as tiene? (a) 5 543 (b) 965 (c) 596 (d) 569</p>	<p>9. Watter van die volgende is die mees akkurate skatting van die aantal passasiers wat elke uur vlieg as die vliegtuie vol is? (a) Minder as 3 700. (b) Tussen 3 700 en 3 800. (c) Tussen 4 000 en 4 300. (d) Meer as 4 300.</p>
<p>4. Hoe word die getal 23 duisend en 39 eenhede geskryf in standaardnotasie? (a) 23 039 (b) 2 339 (c) 23 390 (d) 23 099</p>	<p>10. Wat is die kleinste gemene veelvoud van 6 en 9? (a) 36 (b) 15 (c) 18 (d) 54</p>
<p>5. 99 248 afgerond na die naaste 100 is (a) 99 000 (b) 99 100 (c) 99 150 (d) 99 200</p>	<p>11. Watter van die lyste getalle hieronder toon al die faktore van 36? (a) 0, 1, 2, 3, 4, 6, 9, 12, 18 (b) 1, 2, 3, 4, 6, 9, 12, 18, 36 (c) 0, 1, 2, 3, 4, 6, 9, 12, 18, 36 (d) 1, 2, 3, 4, 6, 9, 12, 18, 36, 72</p>
<p>6. Watter van die volgende is die naaste skatting van 8 898 x 6? (a) 8 800 x 6 (b) 8 900 x 5 (c) 8 900 x 6 (d) 9 000 x 6</p>	<p>12. Watter van die volgende is <u>nie</u> korrek nie? (a) 49 x 12 = 49 x 2 x 6 (b) (49 x 2) x 2 x 3 = 49 x 12 (c) 49 x 12 = (98 x 2) x 3 (d) 49 x 12 = 2 x 2 x 2 x 49</p>
<p>7. Hoeveel 10 duisende is gelyk aan 800 000? (a) 8 (b) 80 (c) 800 (d) 8 000</p>	<p>Bestudeer die herhalende patroon hieronder.</p> <div style="text-align: center;"> </div>
<p>Het jy geweet?</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Faktor is 'n telgetal wat presies deel in 'n ander telgetal. Bv. die faktore van 12 is 1, 12, 2, 6, 3, 4, want hul almal deel presies in 12. • Deeltal ÷ deler = kwosiënt. • Som is die antwoord van 'n optelsom. • Produk is die antwoord van 'n vermenigvuldigsom. • Verskil is die antwoord van 'n aftreksom. • As jy werk met kilogram en gram, verander almal na gram en bereken dan jou antwoord. Dieselfde geld vir km en m, cm en mm, ens. • Die kleinste gemene veelvoud is die kleinste veelvoud wat dieselfde is vir twee of meer ander getalle. Maak eers 'n lys van die veelvoude van elke getal. Maak nou 'n lys van die gemeenskaplike (dieselfde) veelvoude wat in die lys verskyn. Kies nou die kleinste veelvoud. • 'n Simmetrie-as is 'n denkbeeldige lyn wat 'n vorm of prent halveer en elke helfte is dan 'n presiese spieëlbeeld (refleksie) van die ander een. • As vorms (veelhoek) uitgeken moet word, onthou, drie = 3 sye, vier = 4 sye, penta=5 sye, heksa=6 sye, hepta = 7 sye, okta = 8 sye, nona = 9 sye, deka = 10 sye. • Lees altyd die x -as eerste op 'n koördinaat rooster. 	<p>13. Watter vorm moet geteken word om die patroon te voort te sit?</p> <div style="display: flex; justify-content: space-around; align-items: center;"> <div style="text-align: center;">(a) </div> <div style="text-align: center;">(b) </div> <div style="text-align: center;">(c) </div> <div style="text-align: center;">(d) </div> </div>